# Proe’toria 2023 Stalletjie Aansoek Form

Daar is nie ’n beter manier om die jaar af te skop as met ’n uitstappie wat die hele gesin sal geniet nie.

Pretoria se grootste proe- en vermaakfees, PROE’TORIA, is terug en hierdie jaar gaan dit nog groter en beter wees as ooit tevore. Nie net kan feesgangers vanjaar uitsien na die beste kos-, lekkerny-, kuns-, jenewer-, kunsbier- en wynstalletjies nie, maar ook na die grootste name in die musiek- en kosbedryf op een verhoog.

Die venue is Monte de Dios sal op 4-5 Maart 2023 die tuiste wees van een van die lekkerste en grootste buitelugfeeste wat Gautengers nóg ervaar het.

Feeshekke sal om 09:00 op die dag open en die vermaak sal tot 20:00 aanhou. Kaartjies is nou reeds beskikbaar en goedkoper as op die dag by die hek:

www.tickets.tixsa.co.za/event/proe-toria-taste-toria2023

PROE’TORIA word trots aangebied in samewerking met EPH Events.

Kom sluit die winter op ’n hoë noot af en bederf jou gesin of vriendegroep met ’n prettige uitstappie wat hulle vir nog baie lank sal onthou. Dit is immers nie elke dag wat jy die kans kry om die beste kos, drank en vermaak op een plek raak te loop nie!

VENDOR APPLICATION FORM

Top of Form

1. Contact Information for stall:

a. Name of Business:

b. Name and Surname of owner:

c. Physical Address:

d. Email Address:

e. Contact Number:

f. ID Number:

g. Permit Number:

h. Nationality:

i. VAT Number (Where necessary

2. Previous Festivals / Events:

a. Date 1:

b. Festival / Event Name 1:

c. Date 2:

d. Festival / Event Name 2

3. Products / Services:

a. Main Product:

b. Additional Products:

c. Stall Size

4. Power:

a. Do you require power?

○ Yes

○ No

b. How many plug points do you require?

c. Please specify what power will be used for:

d. Will you be using gas? (Yes/No)

○ Yes

○ No

e. If you answered yes to the above question, please ensure you send necessary certificates to leon@ephevents.co.za

# 8.Stuur asb all aansoek forms na leon@ephevents.co.za

9. Onderneming:

a. Ek onderneem om aansoekvorm volledig te voltooi en te onderteken; b. Ek dra kennis dat ongetekende / omvoltooide vorms nie vir keuring in ag geneem sal word nie; c. Ek aanvaar alle voorwaardes in hierdie dokument; d. Ek onderneem om aan al die vereistes te voldoen en alle vereiste dokumente saam aansoekvorm in te dien.

B. AANSOEKE: 1. Alle inligting moet sorgvuldig gelees 2. Onvolledige aansoeke sal nie vir keuring voorgelê word nie. 3. Slegs een aansoek per stalletjie of dubbel stalletjie. Vir 'n tweede stalletjie moet nog 'n aansoek gedoen word. 4. Nie-terugbetaalbare administrasiegeld van R100 per aansoek is betaalbaar. Bewys van betaling moet aansoek vergesel alvorens voorlegging vir keuring sal geskied. 5. Die volgende dokumente moet na info@proe-toriafees.co.za aangestuur word: a. 'n Duidelike afskrif van ID-dokument, paspoort en / of permit; b. Voldoende visuele materiaal vir keuringsdoeleindes; c. Bewys van betaling tov administrasiefooie; d. Geen tjeks sal aanvaar word nie; e. Indien die aansoek enige risiko vir beserings en / of skade aan eiendom van die Musiekfees of Monte de Dios kan inhou, moet 'n ingenieursertifikaat (bv. Groot tente) en / of bewys van aanspreeklikheidsversekering (bv. Pretpark) aangeheg word. C. KEURING: 1. Aansoeke word voor 'n keuringskomitee gelê vir goedkeuring. 2. Aansoeke word volgens riglyne soos uiteengesit oorweeg 3.

Die beslissing van die komitee is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word. D. RIGLYNE VIR KEURING VAN AANSOEKE: 1. Volledige aansoekvorms; 2. Bewys van betaling tov administrasiefooi; 3. Produk moet uniek en besonders wees. Hoeveelheid aansoeke vir soortgelyke produk sal in ag geneem word; 4. Handvervaardigde, kunstige en unieke produkte sal voorkeur geniet; 5. Stalletjie-uitleg geniet voorkeur tydens keuring; 6. Produkte moet van uitstaande gehalte wees; 7. Aansoeker kan of ‘n gereelde uitstaller of ‘n nuwe entrepeneur wees met goeie reputasie en positiewe verwysings; 8. Sertifikaat van die Departement van Gesondheid moet aansoeke vergesel. E. KEURINGSUITSLAG: 1. Indien u teen bogenoemde datum nog nie van ons gehoor het nie, kan u epos stuur aan info@proe-toriafees.co.za F. PRODUKTE: 1. Hoof- en sekondêre produkte moet duidelik aangedui word; 2. Geen veranderings tov hoofproduk mag gedoen word nie; 3. Produkte wat nie op aansoekvorm aangedui is nie, mag nie verkoop word nie; 4. Geen produkte of verpakkingsmateriaal met rassistiese, seksistiese of xenofobiese slagspreuke sal toegelaat word nie. Die produkte / bewoording sal summier aan verkope onttrek word; 5. Alle stalletjies en produkte moet van hoogstaande gehalte wees; 6. Uitstallers word aangemoedig om met die opmaak van die stalletjie, die Pretoria simbolies voor te stel. G. HUUR VAN STAANPLEK: 1. Uitleg van stalletjies tov staanplek – sien Punt B; 2. Slegs EEN kragpunt vir die gebruik van een lig / kasregister / kaartmasjien is by die huur van die staanplek ingesluit. Indien ekstra kragpunte verlang word, sal koste van toepassing wees; 3. Organiseerders verskaf GEEN tafels, stoele, sambrele of enige ander toerusting. H. ELEKTRISITEIT: 1. Slegs een kragpunt per stalletjie word voorsien. 2. Die kragpunt is slegs vir die gebruik van ‘n lig / kasregister / kaartmasjien. 3. ‘n Bykomende fooi van R500 sal gehef word vir die gebruik van meer elektriese apparate. 4. Die organiseerders sal streng optree teen diegene wat meer aparate gebruik as waarvoor goedkeuring verkry is; 5. Voorsien eie verlengingskoord en elektriese bybehore wat in goeie werkende toestand is. I. ALGEMENE REËLS, GEDRAGSKODE EN VERANTWOORDELIKHEDE 1. Die organiseerders behou die reg om ‘n stalletjie-eienaar te weerhou om ‘n stalletjie op te slaan, te verwyder of te laat verwyder indien die uitstaller nie voldoen aan die reëls en regulasies nie, insluitend waar ‘n uitstaller: a. Hom / haar aan wangedrag skuldig maak; b. Sy / haar gedrag vir ander uitstallers of die publiek steurend is; c. Die stalletjie se infrastruktuur nie voldoen aan die standaarde gestel deur die organiseerders nie; d. Versuim om ‘n brandblusser wat in goeie werkende toestand is, te voorsien; e. Versuim om sy / haar vullis in swart sakke te plaas en in die vullishouers te besorg; f. Sy / haar stalletjie onderverhuur sonder vooraf skriftelike toestemming van die organiseerders; g. Gelde verskuldig is aan organiseerders; h. Nie by die reëls en regulasies tov tye vir op- en afslaan van stalletjies hou nie; i. Enige strafregtelike oortreding begaan j. Bemarkings- en promosiemateriaal wat nie deur die organiseerders is nie, sal verwyder word. k. Sonder toestemming ‘n ander staanplek betrek. 2. Uitstallers mag nie borgskappe werf of blootstelling aan enige entiteit tydens die fees werf nie. 3. Borgskapooreenkomste word slegs tussen die organideerders en die borge getref. 4. U samewerking word hoog op prys gestel. J. KANSELLASIEFOOI: 1. Indien gelde reeds betaal is en u moet kanselleer weens onvoorsiene omstandighede binne 30 dae voor die fees, sal ’n kansellasiefooi van 25% van die totale bedrag teruggehou word tov administrasie. 2. Enige kansellasie 14 dae voor fees plaasvind, sal alle gelde verbeur word. 3. Indien die totale bedrag tov staanplekhuur nie teen sperdatum ten volle betaal is nie, behou die organiseerders die reg om staanplek aan ander te verhuur en gelde reeds betaal, sal verbeur word. K. KAARTJIEBESPREKING: Kaartjies kan bespreek word: 1. Aanlyn by Tixsa; 2. By Tixsa.co.za